THE HIVE

Amptelike nuusbrief van die Verso Sambreel Aftreefondse **OKTOBER 2015**

# OPSIES WANNEER U BEDANK

***"Sommige mense begin hulle aftrede lank voordat hulle ophou werk." Robert Half***

Geluk dat u vir u oudag spaar. Onthou, die pad na aftrede is lank, dus moet u nie ophou om vir u aftrede te spaar wanneer u diens verlaat nie. Enige besluit wat u vandag neem, het 'n impak op u aftrede. Voordat u dus die betalingsopsie in die Verso Sambreel-Aftreefonds kies, vra uself:

*Het ek genoeg vir my aftrede gespaar en het ek voldoende fondse om ná aftrede my huidige lewenstyl te handhaaf?*

Die meeste mense spaar nie genoeg vir aftrede nie en een van die hoofredes hiervoor is die feit dat lede hulle spaargeld in kontant neem wanneer hulle van werk verander. Indien u hierdie patroon wil verander, oorweeg dit om nie u aftreespaargeld in kontant te neem nie, maar dit eerder te bewaar. Een van u opsies is om u voordeel in die Verso Sambreel-Aftreefonds te laat bly.

**Die voordele daaraan verbonde om u voordeel in die Verso Sambreel-Aftreefonds te laatis:**

- Geen belasting is betaalbaar nie;
- Daar is geen vooraf- of bykomende koste nie;
- 'n Minimale maandelikse administrasiegeld is betaalbaar;
- U spaargeld bly in dieselfde beleggingsportefeulje belê; en
- U mag een kontantonttrekking voor u aftrede maak.

Behalwe bogenoemde opsies om u spaargeld in die Fonds te laat, het u ook die volgende drie opsies wanneer u u huidige werkgewer se diens verlaat:

***"Aftrede, 'n tyd om die dinge te geniet waarvoor jy nie tyd gehad het toe jy gewerk het nie." Catherine Pulsifer***

1. **Plaas u Fondsvoordeel na die nuwe werkgewer se aftreefonds oor (indien beskikbaar) Dit is 'n goeie manier om aan te hou om vir aftrede te spaar. Die voordele is:**

- Die oordrag is belastingvry, behalwe wanneer u van 'n pensioenfonds na 'n voorsorgfonds oordra.
- Die voordeel word vir aftrede bewaar/gespaar.
- U kan maandeliks tot die nuwe fonds bydra en voortgaan om u spaargeld vir aftrede te laat groei.
- U sal toegang tot die voordeel kry wanneer u die nuwe werkgewer verlaat, aftree of sterf.

2. **Plaas u fondsvoordeel na 'n aftree-annuïteit oor Die voordele is:**

- U kan 'n deel van of u volle voordeel belastingvry na 'n aftree-annuïteit oorplaas.
- U voordeel word vir aftrede bewaar/gespaar.
- U kan enige tyd na die ouderdom van 55 aftree.
- U kan bykomende bydraes tot 'n aftree-annuïteitsfonds maak.

*Let op die volgende:*

- Geen kontantonttrekking word voor aftrede toegelaat nie.
- Met aftrede is 'n maksimum van een-derde van die voordeel in kontant betaalbaar en twee-derdes moet gebruik word om 'n maandelikse pensioen aan te koop.

*volg op bladsy 2*

# *Geagte Lid*

Gedurende 2015 is daar baie gepraat oor spaar en die feit dat Suid-Afrikaners nie genoeg spaar nie, veral vir hulle aftrede. Nog 'n realiteit in ons land is die sukkelende ekonomie, wat soms aanleiding gee tot lewensveranderende gebeurtenisse soos personeelbesnoeiing, wat dit net soveel moeiliker maak om te spaar. Ek wil elke lid van die Fonds gelukwens, want u spaar inderdaad vir aftrede. Lees asseblief ons artikel oor die opsie wat die Fonds nou bied aan lede wat bedank of deur hulle werkgewer afgelê word, om hul voordele in die Fonds te bly belê. Dit maak dit maklik vir lede om hierdie spaargeld met beleggingsopbrengste te laat groei om met aftrede 'n gesonde neseier te verseker.

Die beleggingsmarkte weerspieël die woelinge in die plaaslike en wêreldwye arena, en u sal agterkom dat korttermynopbrengste laer as gewoonlik en selfs vir kort tydperke negatief was. Ek wil benadruk dat spaar vir aftrede 'n langtermynbelegging is en dat onbestendigheid op die korttermyn nie paniek moet veroorsaak nie. Die Trustees van die Verso Sambreel-Aftreefonds het baie tyd spandeer om die aangestelde, ervare portefeuljebestuurders en die gekose portefeuljes te evalueer en te moniteer. Dit is gedoen ooreenkomstig die Fonds se beleggingstrategie en is gebaseer op tegniese ontledings en hoe hulle op die langtermyn tydens marksiklusse presteer het.

Ons nader die feesseisoen en ek wil weereens benadruk dat dit belangrik is dat u u begunstigde nominasievorm invul. Bygewerkte vorms help geweldig baie wanneer die Fonds moet ondersoek instel na wie die afhanklikes is wanneer sterftevoordele verdeel moet word.

Ek wens u almal 'n geseënde en veilige feesseisoen toe.

Hoofbeampte, **Brenda Krummeck**

**SPAAR VIR AFTREDE**

Lees die volledige artikel in hierdie nuusbrief.

Vir verdere beleggingsnuus besoek www.vurf.co.za

VERSO® Sambreel Aftreefonds

*volg vanaf bladsy 1*

# OPSIES WANNEER U BEDANK...

**3. Neem u voordeel in kontant**

Dit moet u laaste opsie wees. Dink oor u aftrede: wil u op ander mense of 'n staatspensioen staatmaak? Onthou – wanneer die beker eers leeg is, sal dit lank neem voordat u weer die bedrag kan opbou wat u voorheen gespaar het.

Ja, u sal onmiddellik kontant hê, maar:

- U sal waarskynlik nie genoeg geld vir aftrede hê nie;
- Indien dit in kontant geneem word, is die volle voordeel minus 'n belastingvrye bedrag van R25 000 belasbaar, soos in die onderstaande belastingtabel uiteengesit word.

| Belasbare Voordeel | Belastingkoers |
|---|---|
| 0 – 25 000 | 0% |
| 25 001 – 660 000 | 18% van die bedrag bo R25 000 |
| 660 001 – 990 000 | R114 300 + 27% van die bedrag bo R660 000 |
| 990 001 en meer | R203 400 + 36% van die bedrag bo R990 000 |

Soos op 1/3/2015

Neem die verstandige besluit om nie u aftreespaargeld in kontant te neem wanneer u, u werkgewer se diens verlaat nie en laat eerder u voordeel in die Fonds bly – vir toekomstige gebruik wanneer u dit die nodigste sal hê.




Source: Telegraph-UK

# BAIE GELUK

HIER IS DIE

# WENNERS!!

Dankie aan almal wat aan die
**"Toets u kennis"**
kompetisie deelgeneem het.

**Eerste prys wenner**

**Me. Cronje**
***van*** TH Machine Tools

**Tweede prys wenner**

**Me. Smith**
***van*** Springbok Toyota

**Derde prys wenner**

**Mnr. Spangenberg**
***van*** Springbok Toyota

**Dit maak ons bly dat ons lede verstaan hoe die Fonds werk.**

## *GONSWOORD vir Oktober*

**Aftreevoordeel**

die lid se spaargeld beskikbaar in die Fonds, wat gebruik moet word om die lid se maandelikse salaris te vervang wanneer hy/sy aftree by the werkgewer.

# HOE HET JOU FONDS PRESTEER?

## Verso Sambreel Aftreefondse: Beleggingsportefeuljes

| Portefeuljes | Augustus 2015 | 3 maande | 1 jaar | 3 jaar | 5 jaar |
|---|---|---|---|---|---|
| **Aggressive** | | | | | |
| Momentum MoM Enhance Factor 7 | -1.62% | -1.01% | 9.58% | 17.76% | 17.52% |
| Investment Solutions Performer | -0.48% | 0.03% | 8.80% | 17.01% | 16.74% |
| Beleggingsmaatstaf VPI + 6% | | | 10.97% | 11.89% | 11.57% |
| **Moderate / Aggressive** | | | | | |
| Sygnia Skeleton 60 | -1.10% | 0.64% | 10.91% | 16.33% | 16.30% |
| Investment Solutions Defender Plus [#5] | -0.35% | 0.47% | 7.67% | 13.46%[#5] | 13.15%[#5] |
| Sygnia Signature 50 | -0.81% | 0.74% | 12.07% | 16.35% | 15.71% |
| Beleggingsmaatstaf VPI + 5% | | | 9.97% | 10.89% | 10.57% |
| **Moderate** | | | | | |
| Momentum MoM Enhance Factor 4 | -0.37% | 0.61% | 9.02% | 11.26% | 11.81% |
| Momentum MoM Target Factor 4 | -0.39% | 0.58% | 8.23% | 10.65% | n/a |
| Beleggingsmaatstaf VPI + 4% | | | 8.97% | 9.89% | 9.57% |
| **Moderate / Conservative** | | | | | |
| Sanlam Monthly Bonus | 0.81% | 2.58% | 13.24% | 15.41% | 12.91% |
| Beleggingsmaatstaf VPI + 3% | | | 7.97% | 8.89% | 8.57% |
| **Conservative** | | | | | |
| Investment Solutions Banker | 0.61% | 1.88% | 7.36% | 6.69% | 6.77% |
| **Market Indicators** | | | | | |
| FTSE/JSE All-Share Index (ALSI) | -3.55% | -3.78% | 1.12% | 15.64% | 16.36% |
| FTSE/JSE SA Listed Property Index | 0.22% | 4.99% | 27.50% | 15.30% | 19.50% |
| BEASSA ALL Bond Index (ALBI) | 0.14% | 0.98% | 5.39% | 5.65% | 7.85% |
| SteFI | 0.54% | 1.59% | 6.38% | 5.70% | 5.75% |
| MSCI World Index (All Countries) | -1.59% | -0.95% | 15.97% | 27.08% | 22.81% |
| Rand/Dollar Movement | 5.42% | 9.21% | 24.81% | 16.33% | 12.48% |
| Consumer Price Index (CPI) | | | 4.97% | 5.89% | 5.57% |

1. Alle opbrengste is tydsgeweeg en word met beleggingsbestuursfooie gekwoteer. Alle nettobedrae is op versoek beskikbaar.
2. Die Sanlam Monthly Bonus se bonusse is sonder waarborge en met beleggingsbesuursfooie.
3. Beleggingsopbrengste vir periodes van langer as 12 maande word op jaargrondslag weergegee.
4. Ons het ons bes gedoen om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is. Die nuusbrief is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie aansprreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat as gevolg van enige onakkurate beriggewing gely word nie.
5. Die syfers van Investment Solutions Defender Plus 1, 3 en 5 is teruggetoetste syfers omdat hierdie 'n nuwe portefeulje is wat aangebied word.

Belmont Office Park, Twist Straat, Bellville. 7530
P.O. Box 4300, Tygervallei, 7536
021 943 5300
021 917 4600
info@vurf.co.za
www.vurf.co.za

RAAD VAN TRUSTEES:
Me W Parker (Onafhanklike Trustee en Voorsitter), Mnr W Rossouw (Onafhanklike Trustee), Adv C Franken (Verso-aangestelde Trustee), Mnr W Breytenbach (Verso-aangestelde Trustee), Mnr E Thomson (Verso-aangestelde Trustee), Me Brenda Krummeck (Hoofbeampte)

VRYWARING:
Ons het ons bes gedoen om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is. Die nuusbrief is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie aansprreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat as gevolg van enige onakkurate beriggewing gely word nie.

VERSO® Sambreel Aftreefonds